


# St. Johannes XXIII

## 11 Oktober

(1881-1963))

Hierdie merkwaardige man was een van veertien kinders en hy is as Angelo Giuseppe Roncalli in die dorpie Sotto il Monte in Italië gebore. Nadat hy 'n doktorsgraad in teologie in 1905 verwerf het, is hy aangestel as sekretaris van sy biskop. In 1925 word hy na Rome ontbied en aangestel as apostoliese gesant vir Bulgarye (later ook Turkye en Griekeland). Tydens die Tweede Wêreldoorlog gebruik hy sy invloed in die Balkan om duisende Jode van die Nazi's te red. Ná die oorlog word hy pouslike gesant in Frankryk en in 1952 word hy patriarg van Venesië gewy. Hy word in 1958 tot pous verkies en neem die naam Johannes aan. Hy begin onmiddellik met die hervorming en vernuwing van die Vatikaanstad en bisdom Rome. Hy begin ook met die reuse taak om 'n Algemene Kerk Konsilie byeen te roep. Die uiters belangrike Tweede Vatikaanse Kerk Konsilie begin in 1962 vergader. Danksy hom en sy versiendheid is die Katolieke Kerk in gereedheid gebring om die moderne wêreld tegemoet te gaan as draer van die Evangelie vir hierdie tyd. Hy  sterf op 3 Junie 1963.